




- ➔ Vir Bybelstudiegroepe, Bybelskoolstudente, persoonlike Bybelstudie.
- ➔ 'n Unieke en praktiese hulpmiddel vir teologie-studente en leraars.

OOR DIE REDAKTEURS

Jan van der Watt is 'n internasionaal erkende teoloog en die bekroonde skrywer, redakteur of medewerker van meer as 45 boeke. Hy was professor en hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria en het al by universiteite in Europa, die VSA, Korea en Rusland gedoseer. Jan is ook 'n gesogte spreker by internasionale teologiese konferensies. Tans is hy professor in Nuwe Testament aan die Radboud Universiteit in Nijmegen, Nederland en buitengewone professor in Nuwe Testament aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Jan Barkhuizen was dosent by verskeie Suid-Afrikaanse tersiêre instellings, naamlik die Universiteit van Suid-Afrika, die Universiteit van die Vrystaat en vir die grootste gedeelte van sy loopbaan die Universiteit van Pretoria. Na sy aftrede was hy vanaf 2000 tot 2003 gekontrakteerde professor-emeritus aan die Universiteit van Pretoria, en sedert 2004 navorsingsprofessor aan hierdie universiteit. Hy is tans ook deel van 'n internasionale werksgroep oor die vroeg-Christelike prediking en outeur en mede-outeur van internasionale boeke in dié verband. Hy is ook gedurende sy dosentskap aan die Universiteit van Pretoria vereer met 'n toekenning vir buitengewone navorsing.

Herman du Toit het 'n doktorsgraad in Grieks en het Grieks doseer aan die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Zoeloeland. By laasgenoemde was hy professor en hoof van die Departement Klassieke en vise-dekaan van die Fakulteit Lettere. Hy was Direkteur: Universiteitsprogramme by die Departemente van Nasionale Opvoeding en Onderwys. Hy is navorsingsgenoot in die Departement Nuwe Testament van die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van Stellenbosch.

UNIEKE VERKOOPPUNTE

- Griekse teks (Nestle-Aland, 27ste uitgawe) met transkripsie daaronder
- Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling van die Nuwe Testament
- Bevat ook die 1983-vertaling
- Luukseleer-uitgawe met duimdrukke en bladsye wat goudgerand is

Die **Interliniêre Bybel** (Grieks-Afrikaans), ontsluit die volledige Griekse teks van die Nuwe Testament vir Afrikaanse lesers in 'n unieke formaat.

Elke bladsy van die **Interliniêre Bybel** bestaan uit 'n middelkolom, met die Direkte Vertaling aan die linkerkant en die 1983-vertaling aan die regterkant.

Die middelkolom bied:

- die Griekse teks (Nestle-Aland, 27ste uitgawe);
- 'n transkripsie van die Griekse woorde om lesers te help met die uitspraak daarvan; en
- 'n Afrikaanse woord-vir-woord-vertaling van elke Griekse woord.

Die 1983-vertaling in die regterkolom help lesers om die woord-vir-woord-vertaling in die middelkolom te vergelyk met hierdie bestaande Bybelvertaling. Die Direkte Vertaling in die linkerkolom is 'n nuwe vertaling, so na moontlik aan die oorspronklike Griekse teks, maar tog verstaanbaar.

Die **Interliniêre Bybel** sal lesers bemagtig om self te oordeel oor die akkuraatheid van Bybelvertalings omdat dit aan lesers met min, of selfs geen kennis van Grieks, toegang bied tot die Griekse teks van die Nuwe Testament. Dit sal tot 'n besonder ryk leeservaring van die Bybel lei.

Die spesiale luukseleer-uitgawe spog ook met duimdrukke en bladsye wat pragtig goudgerand is.

Spesifikasies:

ISBN:	978-1-77000-835-9 (Hardeband) 978-1-4316-0432-6 (Luukse leer)
Prys:	R499,95 (Hardeband) R699,95 (Luukse leer, met duimdrukke en bladsye goudgerand)
Vrystellingsdatum:	November 2012
Kategorie:	Bybel/Interliniêr
Teikenmark:	Algemeen
Formaat:	185 x 233 mm
Bladsye:	1 408